Bedieningsplan

Die kerk se doel is om God uit dankbaarheid te eer deur sy wil te doen:

Elkeen → **Saam** → **Op God se Pad**

ELKEEN

- God het elke gelowige self uit genade, sonder enige verdienste van ons kant af, gekies om deel te vorm van Sy koninkryk
- Jesus Christus is ons Verlosser en Middelaar
- Die mens se verhouding met die Drie-Enige God is die primêre geloofsverhouding
- Elke gelowige is SELF verantwoordelik vir sy/haar verhouding met God omdat God ons reeds uitgekies het om aan Hom te behoort.

SAAM

- Die kerk is die liggaam van Jesus Christus
- Jesus self het gelowiges saamgevoeg as die kerk op aarde
- Elke gelowige vorm deel van die liggaam van Christus
- Die kerk is die gemeenskap van Heiliges
- God se wil is dat elke gelowige sy/haar verantwoordelikhede uit dankbaarheid sal nakom binne die gemeenskap van Heiliges

God gee aan elke gelowige:

- Heilige Gees
- Genadegawes
- Geloof, Hoop, Liefde
- Talente
- Vaardighede
- Ervaring

God gee aan die kerk:

- **GELOWIGES (wat aan HOM behoort)** :-
  - Liggaam van Christus
  - Een liggaam met baie lede
  - Dien mekaar met Gawes

OP GOD SE PAD → God se opdrag aan elke gelowige en aan die kerk

DIE OPDRAG VAN GOD: VERSOENENDE LIEFDE-VERHOUDINGE

God Drie-Enig → **Mede-gelowiges** → **Die Wêreld**

	EER EN AANBID GOD	WEES LIEF VIR MEKAAR	MAAK DISSIPELS
	Ons moet God liefhê met ons hele hart, siel en verstand. Ons moet Hom aanbid en verheerlik. (Ef 1:11-12, Kol 3:16)	**Ons moet ons mede-gelowiges liefhê (Joh 13:34-35) en gesamentlik versorg sodat die kerk "elke mens in 'n volmaakte verhouding met Christus voor God laat staan" (Kol 1:28)**	**Ons moet aan die wêreld liefde betoon, getuig van God se genade deur Jesus Christus en al die nasies sy dissipels maak (Matt 28:19)**
GELOWIGE	• Gebed • Lofprysing • Skuld belydenis • Belydenis van geloof • Bybelstudie • Dankoffer en liefdegawe aan die kerk • Sien om na God se skepping as Sy verteenwoordiger	• Liefde vir jouself in nederigheid • Hanteer jou liggaam as God se tempel • Lief wees vir jou gesin en familie • Leer jou kinders van God en laat hulle leer • Stel 'n voorbeeld vir jou gesin deur jou voorbeeld (Rolmodel) • Sorg vir armes naby jou	• Leef soos Jesus se volgeling • Dra die vrugte van die Gees: Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid, selfbeheersing (Gal 5:22) • Vertel vir mense van Jesus • Gee iets vir armes • Bid vir arbeiders in God se koninkryk
KERK	• Gesamentlike Gebed • Lofprysing, bv. Sang • Skuld belydenis • Doop • Belydenis van geloof • Bybelstudie • Prediking • Nagmaal • "Worship" geleenthede • Sang bediening	• Liefde en omgee • Kleingroepe • Toerusting geleenthede • Spesiale bediening, soos jeug en enkel ouers • Versorging • Eensgesindheid • Feeste en kuier geleenthede • Siekesorg • Voorbidding vir lidmate	• Uitreik / Sending aksies • Kerk-planting • Versprei Bybels • Internet bediening via sosiale media • Klank en video opnames van preke

Elkeen | Saam | Op God se Pad

DIE OPDRAG VAN GOD: VERSOENENDE LIEFDE-VERHOUDINGE

God Drie-Enig | Mede-gelowiges | Die Wêreld

HOE LEEF ONS AS WARE KERK VAN CHRISTUS?

GELOWIGE

- Elke LIDMAAT het 'n eie verantwoordelikheid om sy/haar genadegawes aan te wend en leef dit uit in die kerk van Jesus, waar lidmate mekaar opbou in die geloof en in die wêreld en vir God se koninkryk.
- Elke LIDMAAT word toegerus, gekoester en bedien deur ander lidmate, om God se opdrag uit te voer.
- Elke LIDMAAT skenk aandag aan die opdrag van God aan Sy kerk en Sy volgelinge.
- Elke LIDMAAT onderneem om sover moontlik in te skakel by geleenthede en aan die verhoudings deel te neem.
- Elke LIDMAAT maak finansiële bydrae na sy/haar vermoë en gewete uit dankbaarheid.

KERK

EER EN AANBID GOD

Ons lewe in 'n **intieme verhouding met die Drie-enige God**, en bied geleenthede om God te **loof, eer en aanbid**. As ware kerk verkondig ons die Woord van God en bedien die heilige sakramente.

WEES LIEF VIR MEKAAR

Ons koester verhoudinge met mede-gelowiges en beywer ons ten beste om **mense in ons geledere te verwelkom** en te omvou met die liefde van God. Ons doen moeite om lidmate vanuit **alle lewensfases** te laat tuis voel en ons **rus elke lidmaat toe** om as gelowige te groei na die **volmaakte beeld van Christus**.

MAAK DISSIPELS

Ons lewe in 'n liefdevolle verhouding met die wêreld. Ons **rus elke lidmaat toe** om op sy **lewenspad 'n aktiewe dissipel van Jesus te wees.** Die gemeente reik uit na die **gemeenskap en omgewing waarin ons as kerk geplaas is.**

BEDIENINGE

Inskakeling	Kleingroepe	Geloofstoerusting	Eredienste
Jeugbediening	Enkelouers	Lewenstoerusting	Gebedsgroep
Gesinne	Barmhartigheid	Dissipelskap toerusting	Lofprysing
Volwassenes	Herderlike Versorging	Genadegawes	Digitale Bediening
Seniors	Siekesorg	Uitreikaksies	Kerkgroei

WERKGROEPE

- Strategie
- Finansies
- Kerkverband
- Dagbestuur

DIAKENS

INSKAKELING, KOINONIA , HUISHOUDING, VERSORGING

PREDIKANTE

PREDIKING, SAKRAMENTE, TOERUSTING, GEESTELIKE VERSORGING

KERKKANTOOR

ADMIN; FINANSIES; PERSONEEL; GEBOUE & TERREIN, KOMMUNIKASIE

OUDERLINGE

HERDER-LEIERS, TOESIG, ORDE, GEESTELIKE LEIDING, TOERUSTING